T/Alg.

**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c


# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* — *In U lig sien ons die lig.*


J. Heidema
**HORLOSIES**
**HORLOSIES**
**Kerkstraat 48**

JAARGANG XXIV — VRYDAG 21 MAART 1969 — NR. 4

## WÊRELDHOF-ADVOKAAT:

# S.A. SE VYANDE HET NOG NIE GAAN LÊ

### Beeld na buite moet verbeter word

**„ONS binnelandse optrede moet nie opportunisties op buitelandse populariteit ingestel word nie," het adv. Dawid de Villiers, gesaghebbende op die gebied van die volkerereg en leier van die Suid-Afrikaanse span wat die Suidwes-saak voor die Wêreldhof verdedig het, verlede week op 'n gesamentlike vergadering, gereël deur die Sentrum vir Internasionale Politiek, P.N.B. en die Regsvereniging, gesê. „Die vyande van Suid-Afrika is meer geïnteresseerd in ‚koppe op skinkborde', as om die blanke baasskap aan die suidpunt van Afrika te sien bly voortbestaan."**

Adv. De Villiers het gesê dat 'n strewe na buitelandse poulariteit die sekerste pad na ondergang sou beteken. Suid-Afrika moet staan op sy beproefde grondbeginsels, wat aangepas word volgens die praktiese eise van die tyd waarin hy hom bevind. Dan alleen, het hy gesê, kan daar resultate bereik word waardeur binne- en buitelandse probleme opgelos kan word.

Die spreker het deurgaans die klem laat val op die magte van binne en buite die landsgrense wat entoesiasties besig is met 'n voortdurende knyptangbeweging teen die Republiek.

◆ Die Suidwes-saak was 'n middel tot 'n doel. Dit het nie gegaan oor ons meriete nie, maar oor die feit dat Suid-Afrika in Suidwes regeer. Die eintlike doel was om die Republiek voor die oë van die wêreld te verneder, het adv. **De Villiers** verduidelik.

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling, wat onder leiding van dr. Verwoerd die lig gesien het en waarop vandag nog voortgebou word, se einddoel is om ons meriete duidelik en sistematies aan die wêreld te stel — met volle vertroue.

Die opbreek van die „tegniese fase" waarin S.A. verkeer het, het die regsspan in staat gestel om sy teenstanders op die verkeerde voet te vang en sodoende die uitspraak in ons guns te beklink.

Adv. De Villiers het egter ook gewaarsku dat die vasberade en verbete vyande van S.A. nog lank nie gaan lê het nie. Hulle soek naarstiglik na kanse om krisisse en konfrontasie te skep „en die gebruiklike metodes raak steeds meer oneerlik en onsmaaklik".

In verband met die terroristeprobleem het die spreker aansienlike moeilikhede voorsien indien die Republiek gedwing word om op groter skaal as vantevore teen terroriste op te tree.

„Dit is dus duidelik dat daar wanopvatting in die buiteland bestaan oor die feitebasis waarop die beleid van afsonderlike ontwikkeling beoordeel word. Dít is 'n gevkte beeld van ‚apartheid' soos dit met verloop van jare in die internasionale raadsale opgebou is — gegrond op 'n sameflansing, dikwels skeef en verwronge, van alle negatiewe aspekte, en hoegenaamd sonder kennisname van positiewe doelstellings en ontwikkelings, soos dit met die jare tot stand gekom het."

◆ Die eerste belangrike stap in die verbetering van die verwronge beeld na buite, is die regstelling van die feiteperspektief, en die implikasie daarvan is enorm, het adv. De Villiers gesê.

Adv. De Villiers het ook gewys op die duidelike verwarde denke wat in die internasionale kringe oor die begrippe diskriminasie en nie-diskriminasie bestaan.

## Daar he'jy dit




# *Politieke denkers byeen*



*Adv. D. P. de Villiers, leier van die Suid-Afrikaanse span tydens die Suidwes-saak voor die Wêreldhof, hier afgeneem saam met prof. C. P. van der Walt (links), hoof van die departement Staatsleer, en (regs) mnr. J. J. van Tonder, lektor in dié departement. Adv. De Villiers het opgetree op 'n vergadering wat gereël is deur die Sentrum vir Internasionale Politiek, die Regsvereniging en P.N.B.*

(Foto: Fotokuns)

# S.R.-VOORSITTERS VERGADER

**PLANNE vir 'n vergadering van studenteraadsvoorsitters van alle Afrikaanse en Engelse Universiteite aan die P.U. vir C.H.O., word tans gefinaliseer.**

Op 'n soortgelyke vergadering wat verlede jaar in Durban gehou is, het die voormalige S.R.-voorsitter, mnr. Willie Coetzee, 'n uitnodiging aan die voorsitters gerig om die volgende byeenkoms op die Puk by te woon.

Die huidige Studenteraad het hierdie uitnodiging opgevolg en uitnodigings is reeds aan die S.R.-voorsitters gerig. Die vergadering word beplan vir 4 en 5 April.

Moontlike agendapunte wat bespreek sal word, is die inskakeling van eerstejaarstudente, die verhouding tussen studenterade en huiskomitees en die roeping van 'n studenteraad in die studentelewe.

Die doel van hierdie vergaderings van hierdie aard is om die onderlinge verhoudinge tussen studenterade te verbeter en inligting ten opsigte van sekere gemeenskaplike sake uit te ruil.

# LUS VIR A.S.B.

DIE Afrikaanse Studente-vereniging van die Stellenboschse Universiteit, het weer voorbrand begin maak vir regstreekse affiliasie met die A.S.B.

Hierdie veldtog van die A.S.V. is ietwat verrassend nadat die Maties verlede jaar met groot ophef besluit het om alle bande met die A.S.B. te verbreek.

Dié poging tot re-affiliasie sal egter eers na 11 Junie kan plaasvind. Volgens die Studente-unie se grondwet mag 'n saak wat deur referendum beslis is, nie binne 'n jaar weer aan 'n monstervergadering voorgelê word nie.

# *Ry 1600 myl met fiets*



*Dries van der Walt (links) en Japie Venter tydens hulle fietstoer aan die einde van November verlede jaar. Hulle het 545 myl per fiets afgelê van Potchefstroom af tot in Noordoos-Kaap waar hulle by die Oranjerivier-skema gaan werk het. Altesaam het hulle verlede jaar 1600 myl per fiets getoer. Beplan verder 'n toer deur Suidwes gedurende Junie-vakansie en Desember 'n fietstoer Durban toe en daarvandaan met die kus langs tot in Port Elizabeth.*

# WIE EN WAT EN WAAR IS HY?

FANTOM, die Puk-gees, is altyd oral: ek het sy oog lui sien knip op die uitkenningsparade. By die vrugtefees was hy 'n latente teenwoordigheid agter elke strak mond. Wat ek van hom kon bemerk by singsongs, was die merkbare vibrering van simpatie tussen ouhere en eerstejaars ... Onder die hoë, koel aanblik van (veral) die vierdejaar farmaseute, krimp hy ineen.

By intertees word hy saam met die suiker in die koffie om en om geroer. Om reaksie uit te lok het ek eenmaal 'n skokmetode toegepas en vertel hoe my oupa met 'n valste paspoort hasjisj by die eenoog Marokkaan van Brink se boek gaan soek het, en hoe drie van sy tone afgeskiet is ... sonder gevolg!

Wanneer hóór mens ooit van FANTOM? Wanneer iemand onvergenoegd in sy baard mompel: „waar o, baas, is die gees van dié plaas?", of wanneer 'n ou-heer aan die aandagtige drake verhaal: „she was a phantom of delight ..."

Die groot VRAAG: waar is die eenheidsgevoel, die groepsgevoel, die tasbare onaantasbare, die „gees" wat aan 'n verskeidenheid van jongmense vanoor die hele land 'n identiteit gee op die kampus waar hulle hul kom bekwaam?

Die antwoord lê in onsself en in ons optrede teenoor mekaar. Laat ons Fantom loslaat voordat ons immuun raak teen hom en eendag van ons akademiese jare moet sê: ek het daar geen behae in gehad nie ...! Hý is hier tussen ons, om ons, in ons. Kom ons draai hom los uit die balsemdoeke en hou hom nie slegs as 'n voorwendsel voor by karnaval of intervarsity nie. Laat hý deel wees van ons jonkheid, ons uitbundigheid, laat hý reïnkarneer tot onuitblusbaarheid!

## Pittige Porsies

● Almal weet dat tyd geld is, maar dis darem opmerklik hoeveel geld weggesmyt word om die tyd te verdryf.

**BULT-APTEEK**
**ONS SPESIALISEER IN**
★ POTTEBAKKERY
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KOPERWARE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377

# Potch Inry

**Tel. 6437 of 6345 bedags**

VRYDAG 21 en SATERDAG 22 MAART

EERSTE VERTONING:

**GAMBIT**

Michael Caine en Shirley McLaine.

TWEEDE VERTONING:

**BANDELERO**

James Stewart, Dean Martin en Racquel Welch.

MAANDAG 24 en DINSDAG 25 MAART

**FOLLOW ME BOYS**

Fred MacMurray, Vera Miles en Lilian Gish.

WOENSDAG 26 en DONDERDAG 27 MAART

**THE ANNIVERSARY**

Betty Davis.

VRYDAG 28 en SATERDAG 29 MAART

EERSTE VERTONING:

**FOLLOW ME BOYS**

TWEEDE VERTONING:

**THE ANNIVERSARY**

# Goue Weste Inry

**Tel. 6437**

VRYDAG 21 en SATERDAG 22 MAART

EERSTE VERTONING:

**HOSTILE GUNS**

George Montgomery, Yvonne de Carlo en Tab Hunter.

TWEEDE VERTONING:

**ANGELIQUE ON THE ROAD TO VERSAILLES**

Michele Mercier.

MAANDAG 24 en DINSDAG 25 MAART

**THE LAST SAFARI**

Stewart Granger en Gabrielle Licudi.

WOENSDAG 26 en DONDERDAG 27 MAART

**DARLING**

Laurence Harvey, Dirk Bogarde en Julie Christie.

VRYDAG 28 en SATERDAG 29 MAART

EERSTE VERTONING:

**THE LAST SAFARI**

TWEEDE VERTONING:

**DARLING**


*Nog flieks op bladsy 4*

# NATAL SE EERSTEJAARS INGELIG

**DUISEND eerstejaarstudente van die Natalse Universiteit het dagboeke ontvang waarin die eerste aanslag deur die studenteleiers teen die Regering se onderwysbeleid voorkom, luidens 'n berig in The Star (24 Februarie).**

Die dagboek, wat hierdie jaar die eerste gepubliseer word, staan twee bladsye af aan „a strong attack on the State's attitude towards academic freedom". Die dagboek was ingesluit in 'n lêer wat deur die eerstejaars-ontvangskomitee aan al die nuwelinge oorhandig is.

In die lêer was ook 'n inligtingstuk wat die doelstellings van Nusas verduidelik het, asook 'n boodskap van Nusas se ere-president, mnr. Alan Paton, waarin hy verklaar dat alhoewel „die land se leiers waarskuwings gerig het, daar geen verpligting op die studente rus om maar alles gedwee te aanvaar nie".

„Die universiteite van Suid-Afrika is nie ‚vry' nie, word aan die studente gesê. Drie basiese aspekte wat eie is aan die opvatting van akademiese vryheid — die reg om te bepaal wie onderwys moet word, wat onderwys sal word en wie die onderwys sal gee, slegs op grond van akademiese standaarde — is deur die Regering uit die hand van die Universiteitsowerhede geneem."

## Dramastudente na Natal

'n VERENIGING wat bekend sal staan as die Spraakleer- en Drama-Studentevereniging van die P.U. vir C.H.O., is deur die Departement Spraakleer en Drama gestig.

Die doel van die vereniging is onder meer om die dramatiese kunste in S.A. te bevorder.

'n Toer na Natal gedurende die April-vakansie word beplan. Lidmaatskap word net toegestaan aan studente wat minstens een akademiese kursus in die departement volg.

# SPYKERBANKKANTATE

DEUR DRUKSPYKER

Ja, gróót, gróót egskeidingsake het hierdie week afgekom en gróót verdrae (liefdesverdrae) is gesluit. Onafhanklike state het hulle ontferm oor die minder-onafhanklikes — die onmisbare ergernisse!

Gedurende die vakansie het die Hertogdom **Heimat** se paadjie toegegroei op pad na die Pote en moes hulle maar tevrede wees met die „bloubrief" van oorkant die draad. Die manne het kop gehou en feitlik dadelik weer toegeslaan om **Oosterhof** sodoende van haar oujongnooiskap te red ... dapper manne, (37 sien kans vir 175)!

**Over de Voor** was so uitgelate oor hul nuutgevonde vryheid dat hulle besluit het om sommer dadelik weer vas te sleep en **Kulu** moes net bakstaan en kon ook nie anders as om te swig voor die vragte blomme nie — die ja-woord was uit en ek hoop die kys sal veilig vaar.

Vermetel, ja vermetel, word ek genoem omdat ek dan sekere oudstryders in my vorige geselsie oor die hoof gesien het — ai, ek is tog so hartseer ... hou sommer net hier op snik. Tweetjies wat ek te na gekom het is **Saartjie Buys** en **Maartin Oosthuizen.** Ek bied dan ook nederig my verskoning aan.

Raai wat is daar wat die Puk nog nie aanbied nie ... nee, ek sal julle nie kan help nie, want tot verlede week het ek nooit kon droom dat hier ook kursusse in Boervroukunde aangebied word nie ... Toe kom **Rosa Pieterse** en sy gee my hierdie waardevolle inligting. Sy sê dis 'n voltydse driejarige kursus en dan kan sy haar bekwaam voel om dalkies as vrou vir ene **Gawie** te gaan diens doen.

Dan is daar ook nog die interuniversitêre bande wat aan die gang gehou moet word. Hier is die Puk ook weer baie gelukkig want ons verteenwoordigster is **Magda Brümmer** en U.O.V.S. se toutjies word getrek deur hulle **Johan.** Net solank die toue styf bly, ... stem ek saam.

Om nie eens te praat van 'n langasem tokkelok nie — ... ek dink hy het dalk vroeër klasse by De Villiers Lamprecht geloop/gedraf want sy kys met **Dicky Otten,** dit is nou **Jan Venter,** is net soos 'n frikkadel, 'n mens kom nooit op die end nie.

Oe, en dan is daar 'n aster wat hard besig is om **doepa** te berei — nie vir die „uit-tand bull-dog" nie, maar vir **Jos Welman.** Ek hoop **Lorraine Nel** vergewe nie die arme ou nie — hoop hulle vergewe my!

Ai, die ou liefde darem ..., dit wil darem nooït roes nie. Die suur (of anti-suur) is seker die oorsaak daarvan want **Trudie van Heyningen** en haar **Fanie** het na lange omswerwinge weer die knoop deurgehaak en nou wil dit net nie beter as beter gaan nie.

Iets vreesliks gaan gebeur want **Philip Otto** het nou eindelik besluit dat **Suzette Combrink** die enigste eerstejaar is wat hom 'n „kick" kan gee. Wel, ek hoop nie dat dit gou sal gebeur nie ...! Sy maat **Koos Roelofse** het toe maar besluit om sy voorganger af te los by **Jenny Burggraaf** — dit was, na verneem word, baie blitsig.

Nog tweetjies wat ek in dieselfde asem kan noem as die „ouliefdes" is: **Regina Neuhoff** en **Hennie Grobler.** Hulle sê die uitmaak is niks maar die opmaak daarna is spanne lekkerder ...

Verlede week het ek gepraat van iemand wat ek 'n tyd terug so sien pronk het. Wel, ek het nou bevestiging gekry dat **Kobus van der Walt** en sy **Kleine Cornelia** skulpies op die droë strand versamel — kan dit blote oëverblindery wees?

Ai mense, my hart is seer, maar ek moet gaan. Wees nou nie kwaad sien, dis laagwater. Of sou dit net vir my nie; volgende keer verras ek dalk ...!

Groetnis.

# *Woord van God betroubare anker vir soekende mensheid*

**– prof. J. Chris Coetzee**

**„OPVOEDING, as 'n vrug van die sondeval, is een van die middele om die mens deur die genade van God terug te voer tot God", het prof. J. Chr. Coetzee, 76-jarige voormalige rektor en vise-kanselier van die P.U. vir C.H.O. gesê op 'n interfakultêre lesing wat dié week op die kampus plaasgevind het.**

Prof. Coetzee, wie se lesing oor betroubare ankers in 'n soekende opvoedkundige wêreld baie groot belangstelling uitgelok het, het klem gelê op die eise wat in die opvoeding gestel word in die verwesenliking en uitbouing van die Afrikaner-kultuur, naamlik gesag, beginsels, norms, feite en roeping.

Prof. Coetzee het voorts gesê dat daar nie iets soos waarheid om waarheid, of 'n soeke na waarheid by die Christengelowige bestaan nie. Die Woord van God is waarheid en alles gaan om kennis van God en die verheerliking van sy Naam.

Opsommend het hy gesê dat onthou moet word dat

- die Christelike opvoeding gebou is op die Woord van God as absolute gesag;
- die Christelike opvoeding gebou is op die beginsels en norms wat in Gods Woord neergelê is;
- die Christelike opvoeding gebou is op duidelike deurdagte feite;
- die Christelike opvoeding as taak die opdrag van God het om die natuur te bewaak, te bewerk, te beheer en te kultiveer; en
- die Christelike Afrikaanse opvoeding lei heen tot Christelike Afrikaanse kultuur.

Ander sprekers was dr. P. J. Meyer, voorsitter van die Beheerraad van die S.A.U.K. (die bestemming van die Afrikaanse kultuur), prof. C. M. van der Merwe Brink, direkteur van Amkor en vise-president van die W.N.N.R. (die uitdaging van die natuurwetenskap van ons tyd), dr. G. C. P. van der Vyver, Gereformeerde leraar van die gemeente Bloemfontein-Suid ('n perspektief op 'n teologie uit Suid-Afrikaanse bodem), Sy Edelagbare, Regter G. P. de Vos Hugo, senior regter van die plaaslike afdeling van die Hooggeregshof in Griekwaland-Wes (regsvorming en regshandhawing in die toekoms) en mnr. J. S. Marais, president van die Afrikaanse Handelsinstituut (Suid-Afrika en sy selfstandige toekoms).

Hoewel dit teleurstellend was om te merk dat die gehoor hoofsaaklik uit dosente en 'n klein hoeveelheid senior studente bestaan het, was die sentrale tema — kultuurbestemming — baie aktueel, en die verskeie onderwerpe wat behandel is, is op 'n stimulerende wyse aangebied. Veral die positiewe siening van sprekers soos mnr. Marais, is met groot entoesiasme ontvang.

Die onderskeie referate word in „Koers" gepubliseer.


Vir al u

★ APTEKERS- en

★ FOTOGRAFIESE

★ BENODIGDHEDE

Besoek:

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**

(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 118

POTCHEFSTROOM

Telefoon 3237


# DIE STUDENTERAADS-VOORSITTER AAN DIE WOORD

### P.U.-atletiektoer na Europa

DIE eerste keer in die geskiedenis van ons Universiteit, word 'n oorsese toer deur die atletiekklub beplan. Dit is betekenisvol dat hierdie groot stap plaasvind in die eeufeesjaar. Die betekenis wat so 'n toer vir atletiek aan die Puk en vir die Universiteit in sy geheel kan meebring, is beslis nie maklik te bereken nie. Die Studenteraad het dan ook sy volle morele steun aan hierdie saak gegee en beloof om ook, waar moontlik, praktiese hulp te verleen om hierdie ideaal te verwesenlik.

Een van die grootste probleme by die beplanning van so 'n toer is die verkryging van die nodige finansies. Om hierdie probleem die hoof te bied, gaan die atletiekklub 'n prestige-publikasie die lig laat sien en verkoop. Die verskyning van hierdie publikasie val saam met die verskyning van „Die Pukkie". Die gevaar bestaan dus dat hierdie twee publikasies mekaar se verkope, veral hier in Potchefstroom, nadelig kan beïnvloed. Gevolglik het die S.R. besluit om die verkoop van Pukkies tydens die Eeufees-atletiekbyeenkoms van die universiteit op die middag van 29 Maart te verbied, ten einde aan die atletiekklub die volle geleentheid te gee om hulle publikasie te verkoop.

Die atletiek-toerspan gaan deur hierdie toer verder meehelp om ons Universiteit ook internasionaal op die kaart te plaas. Hierdie toer verdien die ondersteuning van elkeen van ons, moreel en andersins.

### Reklamekomitee

Die Studenteraad het op sy laaste vergadering 'n mosie aanvaar dat 'n reklamekomitee in die lewe geroep word. 'n Kommissie is benoem om op al die organisatoriese, finansiële en ander aspekte in te

*Vervolg in volgende kolom*

S.R.-VOORSITTER AAN DIE WOORD

gaan en so gou moontlik aan die S.R. verslag te lewer.

Die tyd waarin ons lewe, met al sy gejaagdheid en oor-georganiseerdheid, roep om deeglike reklame. So 'n komitee, wie se werksaamhede slegs reklame behels, kan verder help om 'n bloeiende en aktiewe studentelewe te verseker. Deur deeglik beplande en oorspronklike propagering, kan sorg gedra word dat alle aksies van hoofliggame, verenigings en onderliggame onder elke student se aandag gebring word.

# Powell, bakstene en televisie

## - Indrukke van student na toer oorsee

**„SOMETHING is rotten in the state of Denmark", was Shakespeare se woorde baie jare gelede. En vandag kan hierdie „Denmark" so baie lande wees, veral maklik ons stamlande. Dit lyk donker in die verligte Noorde en dit is lekker om terug te wees in die lig van „donker Afrika", skryf mnr. B. J. de Klerk oor die afgelope Abe Bailey-toer na Europa.**

* Suid-Afrika is nog steeds een van die ongewildste lande vir die Europeër. In Londen, wat vol politieke vlugtelinge is, is die aanvalle die skerpste. Meer vooroordeel en emosionele redenasie is daar seker nêrens in die wêreld nie. Ons het gevind dat aanval die beste is, want ons behandel ons nie-blankes baie beter as hierdie aanvallers hul eie mede-Engelse „cockneys". Buite Londen tref ons 'n gunstiger houding aan. Hulle gaan hoegenaamd nie saam met ons beleid nie, maar die algemene standpunt is: julle bly in Suid-Afrika, ken die toestande die beste en moet julle eie oplossing vir julle vraagstukke soek.

POWELL

* In Londen is elke derde persoon op straat 'n gekleurde. As daar binne so 'n kort tydsbestek byvoorbeeld duisend Amerikaners of Russe in plaas van gekleurdes binnegestroom het, sou die klagtes nog skerper gewees het. Geen wonder dat Enoch Powell soveel aanhang kry nie. Hy is alles behalwe 'n rassis; in ons Suid-Afrikaanse standaarde selfs 'n bietjie links. Hy is die leier wat op televisie absoluut as die sterkste politikus na vore ge tree het. Hy is nugter, realisties; nie dom-astrant-reguit nie.

* Powell as Konserwatis en mev. Barbara Castle as Arbeider tree na vore as moontlike premiers van Brittanje. Enige Brit sal jou uitlag as jy so 'n stelling teenoor hulle maak, maar hulle lag selfs vir hul eie premier Harold Wilson.

* Wilson het die afgelope jaar die ekonomiese posisie van Engeland skitterend hanteer. Daar is 'n byna ongelooflike verbetering, hoewel dit nog baie jare sal duur voor die land weer op sy bene sal kom.

BAKSTENE

* Om langs 'n venster van Suid-Afrikahuis te staan — so groot soos die blou vensters van die Frans du Toitgebou — terwyl 'n Neger 'n baksteen daardeur gooi, laat jou bloed kook. Vier sulke vensters en 84 kleintjies is met elke denkbare voorwerp gebreek deur sowat 6,000 betogers waarvan die helfte uit Afrika, 'n kwart uit Asië en slegs 'n kwart uit Brittanje self kom. Betogings moet op 'n Sondag gehou word, want dan is die arbeiders vry. 'n Polisiman wat net gekyk het en niks gedoen het nie terwyl die vensters die een na die ander gebreek word, se opmerking was: „Well, it's freedom of speech."

* Die dames neem al meer en meer die leiding in Engeland. Die jonger mans dra blommetjieklere, lang hare (soos hulle self sê: om die verskille tussen die geslagte uit te skakel) en soek mekaar se geselskap op. Die dames wat na manlikheid soek, kan dit nie meer by hul eie mans kry nie en soek dit by nie-blankes. Die ondergrondse treine is vol gemengde paartjies waarvan die meisies altyd blank is. Twee-twee ry die blommetjiemans maar saam fliek toe.

* Godsdiens word al meer 'n bespotting. In een toneelstuk is die skokkende liedjie gesing: „I believe in god, and I believe that god believe in god, that is me!"

TELEVISIE

* Televisie, reg beheer, kan iets goeds inhou. Ons het onder andere die reis om die maan in al sy stadiums gesien, die intreerede van Nixon, hoe dit in Biafra en die Midde-Ooste lyk, 'n wêreldtitelgeveg in boks, die Britse binnenshuise atletiekkampioenskappe, Skotland teen Frankryk in rugby, en uitstaande sokkerwedstryde; om nie eers van die wêreldkampioenskappe in ysskaats en ski op sneeu te praat nie. Swak programme is daar ook baie, soms selfs godslasterlik.

* In Holland werk die middeljarige mense seker die hardste van almal wat ons op toer gesien het. Die jongmense is die grootste leeglêers.

* In Parys het ons regoor die regsfakulteit in die Sorbonne-area gebly. Op die gebou staan die bekende woorde: vryheid, gelykheid en broederskap. Voor die gebou is agt busse vol polisiemanne permanent gereed gehou . . . studente-onluste. Wat 'n kontras met hierdie bekende slagspreuk!

* In Athene het ons in dieselfde gebou as U Thant tuisgegaan. En wat 'n fantastiese ervaring om op die Areopagus te staan waar Paulus sy rede voor die Atheners gehou het!

* En as jy die bakermat van ons beskawing se laaste spore, soos Pompeï, die Collosseum, die Romeinse forum en die Akropolis sien, voel jy skaam dat ons in 'n tyd leef waar die beskawingskurwe in ons stamlande weer sy laagtepunt bereik het. — *



*Hierdie foto van Abe Bailey-beurshouers is geneem tydens 'n skemerkelkpartytjie van die kaptein van die Pendennis Castle, op pad na Brittanje en Europa in Desember 1968. Van links is Wim Botha (U.S.); Olaus van Zyl (U.P.); Ben de Klerk (P.U. vir C.H.O.); een van die offisiere; Philip Henning (U.O.V.S.); Don Gibbon (Rhodes) en J. P. L. van der Walt (P.U. vir C.H.O.).*

# ‚Verkramp' en ‚verlig' uit verband geruk - De Klerk

**„ONS IS blootgestel aan die magte van die twintigste eeu. Ons reaksie teen hierdie blootstelling is om die volk as die hoogste werklikheid te stel", het prof. W. J. de Klerk, hoogleraar in interfakultêre wysbegeerte, op 'n vergadering van die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Akademie se Werkgemeenskap gesê. Hy het gepraat oor die bedreiginge van ons lewens- en wêreldbeskouing.**

Prof. De Klerk het daarop gewys dat sommige mense gevare sien in, onder andere, immigrasie, Suid-Afrikanerskap, modes, Sondagkoerante en in „verligtes" en „verkramptes". Hy wou nie uitwei oor die laasgenoemde twee onderwerpe nie „want dit is so uit verband geruk en owerspel mee gepleeg dat ek nie meer kans sien om pa te staan vir die kinders daarvan nie," het hy gesê.

Die Westerling se optredes word al hoe meer van buite bepaal en daarom moet ons die bedreiging sien by ons blootstelling aan die wêreldkultuur. Die tegnologiese prestasies van die mens het die wêreld onderwerp maar die lewe verwoes, het hy vermaan.

◆ Prof. De Klerk het beklemtoon
◆ dat die militante internasionale
◆ liberalisme, met sy tipiese on-
◆ verdraagsaamheid, poog om
◆ die christelike lewenswyse om-
◆ ver te werp.

„Hierdie blootstelling aan beïnvloeding bring verskeie waarneembare tendense in ons lewens- en wêreldbeskouing mee, waar ons 'n teenreaksie van volkstotalisering vind wat oor alle grense sny." Dit is 'n ewe onchristelike siening, het hy gesê.

Hy het gesê dat ons dan dink dat afsonderlike ontwikkeling slegs ter wille van blanke voortbestaan is en dat die algemene neiging is om die verlede as maatstaf te aanvaar en alles wat nuut is met wantroue te bejeën. Hierteenoor waarborg die Calvinistiese binding van ons lewens- en wêreldbeskouing beginselbehoudendheid asook voortdurende vernuwing en verordening na die eise van die tyd in die lig van die beginsel.

Prof. De Klerk het ten slotte die groot verantwoordelikheid van ons volksleiers beklemtoon. „Dit is hulle taak om hierdie identiteit op alle vlakke te verdiep en te konkretiseer sodat geformuleerde antwoorde op alle vraagstukke verkry kan word."

## Pittige Porsies

● Op jou liggaam, en veral op jou gesig en jou hande staan uiteindelik die geskiedenis van jou hele lewe geskrywe.

## In die botter geval




# Beplanners-vereniging geplan(t)

'n BEPLANNERSVERENIGING is op Donderdag 6 Maart deur die beplanningstudente gestig. Die doel van die vereniging is om die beplanningstudente soveel moontlik met die praktiese sy van beplanning te laat kennis maak. Om dit te bereik, word die volgende beoog: uitstappies na gebiede om voorbeelde van goeie beplanning te bestudeer, referate deur gesaghebbendes op die gebied van beplanning en skakeling met ander universiteite.

Prof. F. J. Potgieter en mnr. L. K. van Gas is as erelede van die vereniging benoem. Die bestuur bestaan uit mnre. Kobus Malan (voorsitter), Fanie Venter (sekretaris) en Nico Botha (penningmeester).

## Pittige Porsies

● Die tyd gaan verby, sê ons. Maar dis 'n groot vergissing. Die tyd bly, dis *ons* wat verbygaan.


# Van Voorpos tot Voorspoed met sonniger banksake...

Sedert sy stigting in 1862 het die Standard Bank baanbrekerswerk op die voorposte van ons land gedoen.

Waar goud en diamante ook al ontgin is, het die Standard dit gekoop, versend, verassureer en verkoop; werkende kapitaal aan die snelgroeiende mynboubedryf, boerdery en nywerhede voorsien, en kontant daargestel vir noodsaaklike aankope van verbruikersgoedere. Sodoende het sy bankdienste bygedra om orde, stabiliteit en voorspoed aan die gemeenskap te bring.

Ja, die Standard Bank se wortels het diep vasgegroei in ons landsekonomie. Hy het ontwikkel tot 'n staatmaker-bank wat vandag in elke uithoek van ons sonnige Suiderland sy medeburgers help deur sonniger banksake. En die Standard Bank gaan die toekoms tegemoet met vertroue in nog groter welvaart, geluk en welsyn vir sy land en sy mense.

## Op die Standard kan u staatmaak

DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK
(Geregistreerde Handelsbank)
Meer as 800 kantore dwarsdeur die Republiek en S.W.A.



'n Argiteksvoorstelling van die Standard Bank se reusesentrum van R16 miljoen in Johannesburg.

Grant 214-140/1A

# AFSPRAKE...

21 Maart — Filmvertoning deur A.O.B., The Sand Pebbles, 7.30 nm.

21 Maart — Skynhof deur Regsvereniging, Kamer 100, Frans du Toit-gebou, 7.30 nm.

22 Maart — Simposium deur die Regsfakulteit.

22 Maart — Motorsport gereël deur AOB.

22 Maart — Heimat gaan haal hul vlag in Pretoria by Jasmyn.

22 Maart — Uitspan gaan met Pukbus na Eeufees op Krugersdorp.

24 Maart — Kenmekaaraand by Klawerhof met Oosterhof, Dawie Dup, en Klawerhof.

24 Maart — Retoriese Vereniging onder voorsitterskap van Leon Wessels.

24 Maart — Meesterskonsert, Konservatoriumsaal, 8.00 nm. met kunstenaars Gyorgy Pauk (viool) en Ingemar Bergfelt (klavier).

25 Maart — Klawerhof vlotbougroep met Ons Huis Interfliek op sleepwaens.

26 Maart — Rugby tussen Heimat en Uitspan.

26 Maart — Afrika-seminaar, Frans du Toit-gebou 7.20 nm. Prof. J. H. Coetzee: Afsonderlike ontwikkeling: Kan en wil ons?

26 Maart — Rugby gereël deur die Sportinstituut, Olënpark.

26 Maart — Huishoudkunde departement met Puk-bus na Paas skou.

26 Maart 1969. 7.30 nm. Frans du Toit-gebou, kamer 3. Prof. G. Dekker. „'n Terugblik oor die Afrikaanse literêre lewe van die afgelope halfeeu."

27 Maart — Virus-byeenkoms met die rektor, prof. H. J. Bingle as hoofspreker.

27 Maart — Simposium oor Maatskaplike werk.

27 Maart — Sokker: Klawerhof vs. Ons Huis gedurende sleeptyd op Kampus. Huiskom-kenmekaar gereël deur Klawerhof met Kulu en Hombré.

24 — 27 Maart — Korps V.V. bied aan 'n feesprogram, Totius-Gedenksaal.

29 Maart — Atletiekbyeenkoms, Bill Swart Ovaal.

31 Maart — Huiskom kenmekaar gereël met Thaba Jäh, Over de Voor deur Klawerhof.



**20th Century**

20TH CENTURY

VRYDAG 21 en SATERDAG 22 MAART

THE IMPOSSIBLE YEARS

David Niven

MAANDAG 24 TOT SATERDAG 29 MAART

PRUDENCE AND THE PILL

Deborah Kerr en David Niven.


die WAPAD

# Gesag

NA DIE gedurige studente-opstande en betogings, wat soos 'n vloedgolf oor die wêreld gespoel het, is die aandag toegespits op die gesagsprobleem. In Suid-Afrika waak die owerhede teen moontlike neigings in hierdie rigting. Die jeug word voortdurend hierteen gewaarsku — en die geringste teken van opstand word gou veroordeel.

Ongelukkig is daar in Afrikaanse kringe nog nie genoeg gedebateer oor die aard van gesag, sy wese en funksie nie — veral nie binne universitêre raamwerk nie. Dit is beslis nie genoeg om te volstaan met die tot dusver algemene uitlating soos: die Afrikaanse student weet nog om aan gesag onderworpe te wees; opstand teen gesag is on-Christelik, ensovoorts. So praat ons in ons verwarde tyd ongekwalifiseerd en ontneem ons die jeug hul normatiewe verantwoordelikheid in die *uitbouing* van bestaande verhoudings.

Daar moet veel meer besin word oor die aard van die gesagsverhoudings aan die Universiteit, spesifiek met betrekking tot die Raad (die rektor) en die leiers (die studenteraad) aan die Universiteit. Ons moet 'n oop oog ontwikkel vir die nuanseringe in die gesagsverhouding aan 'n opvoedkundige inrigting. Die gesagsverhouding aan 'n universiteit word gekwalifiseer deur die taak of doel van die universiteit — soos in alle ander samelewingskringe. Daarom kan ons nie volstaan met 'n algemene begrip van gesag nie en dit net so nolens volens op elke samelewingskring van toepassing maak nie. Ouerlike gesag verskil van regerende staatsgesag en van opvoedkundige universitêre gesag.

Wat is die aard van opvoedkundige gesag soos dit prakties in die universitêre opset na vore behoort te tree?

Opvoeding aan 'n universiteit (die doel van 'n universiteit) is in wese vorming van studente vir hul algemene lewensroeping en vir hul spesifieke lewenstaak. Die volle persoon is daarby inbegrepe en ook die studentelewe.

So het die gesagsverhouding aan die universiteit ook 'n vormingsaspek.

Dit bestaan negatief daarin dat universitêre gesag (oor die studente en hul leiers) nie regerende (soos by die staat) gesag is nie. Hier word nie by wyse van dekreet of proklamasie *regeer* nie. Verder word gesag hier nie in die *eerste* plek afgedwing nie.

Positief bestaan dit in die eerste plek uit 'n leidende houding van die Raad aan die universiteit en wat die studente betref, daarin dat — vir sover dit die algemene saak of heil van die universiteit in sy geheel raak — die studenteraad steeds by die owerhede ter rade sal gaan.

As hierdie houding wedersyds bestaan, kan dit nie anders as groot seën tot gevolg hê in ons verwarde tyd nie. So kan die studenteraad (onder andere) in die geleentheid gestel word om hul eie beplanning aan te pas by die breër universitêre beplanning — aan ons snel ontwikkelde universiteit 'n absolute vereiste!

Maar dan moet daar dus praktiese kanale bestaan, waar besinning, leiding en gesprek kan plaasvind. Hierdie kanaal moet nie momenteel, wanneer die nood dit eis, of nadat besluite van die Raad reeds genoem is, aangevra word nie.

Die Puk het in hierdie opsig 'n mooi tradisie waarop hy trots kan wees. Ons hoop dat pogings wat aangewend is om in hierdie opsig die verhouding nog te verstewig gunstige aandag sal geniet.



## REDAKSIE

**Hoofredakteur: Jan-At Kruger — tel. 8039**
**Sub-redaktrise: Martie Kruger — tel. 8039**
**Nuusredakteur: Francois Venter — tel. 2050**
**Interuniversitêre redakteur: Dirk Laufs — tel. 4638**
**Sosiale redaktrise: Rika van Graan — tel. 4477**
**Politieke redakteur: Dawie Swanepoel —**
**Sportredakteur: Henk Coetzee — tel. 4869**
**Kunsredaktrise: Joan Crafford — tel. 2071**
**Akademiese redaktrise: Elsabe Smuts — tel. 2039**
**Sirkulasiebestuurder: Gideon van der Nest — tel. 2019**
**Fotoredakteur: Dawid van Aswegen — tel. 2172**
**Sekretaris-penningmeester: Lourens du Plessis — tel. 2019**
**Advertensiebestuurder: Johan Ligthelm — tel. 2172**
**Medewerkster: Ansie Booyens — tel. 3214**
**SPORTVERSLAGGEWERS:**
**Izak van Rensburg; Hennie Horn; Hennie de Villiers.**
**AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:**
**Erna Arnold; Du Preez Martins.**
**KUNSVERSLAGGEWERS:**
**Piet Fourie; Louise Heystek; Nicoléne Marais.**
**POLITIEKE VERSLAGGEWERS:**
**Douw Kruger.**
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:**
**Amalia du Plessis; André le Roux; Magriet de Lange; Hestrie Snyman; Marlena Lemmer; Rika van der Walt; Gert Kruger; Dries Burger; Johan Yssel.**


# Uit die Woord

## MARKEER DIE PAS

*Gen. 24 : 63: „En Isak het teen die aand uitgegaan om te peins in die veld".*

*Tiperend van die Oosterlinge het Isak daardie aand die stilte van die veld opgesoek om vir 'n oomblik met homself, met sy eie ongeordende gedagtes besig te wees. Hy belewe inderdaad 'n beslissende tyd in sy lewe: sy moeder is kort tevore oorlede en hy staan op die punt om 'n huwelikslewe te begin.*

*As nugtere, realistiese tydbewuste, gejaagde verstandsmense van die Weste sou ons miskien dink dat dit verkwisting van kosbare tyd is, want daar is mos nie tyd nie!*

*Voel u nie ook 'n dringende behoefte om soms alleen te wees nie, in die rustigheid van die veld of in u binnekamer, om na te dink, te peins, ja om vir 'n oomblik die pas te markeer nie?*

*'n Filosoof het gesê die groot ellende van die mens is dat hy nie durf om vir een uur in sy kamer met homself besig te wees nie. Die mens wat God egter ontmoet het, sal nie vlug vir die eensaamheid nie, inteendeel, hy sal dit graag wou opsoek.*

*Dit is wat Isak gaan doen het: aan die een kant soek hy sy troos by God en aan die ander kant beplan hy sy lewe in die lig wat van God afstraal. Hy peins, hy bid nie; 'n mens hoef nie net in die gebedshouding met God besig te wees nie, ook deur na te dink en sy geopenbaarde Woord te oordink en te deurdink moet ons gedurig openlik en openhartig ons verhouding tot God in oënskou neem, en in die lig daarvan ons lewe beplan.*

*Die Studentelewe is gejaag en vol, en stel eise aan 'n mens. Daar is teleurstellings, maar ook geleenthede. Daarom is dit nodig om steeds nader aan God te lewe. Ons is mos nie mense met materialistiese doelstellings nie! „Dink aan die Here jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe" — Deut. 8 : 18.*

*Kom tot stilstand, dink en weet: „Al is ek arm en behoeftig — die Here dink aan my" — Ps. 40 : 18.*

*A. le R. du P.*

# WAPADLANGS

DEUR SWEEPSLAG

## Confession of an English South African

SOUTH AFRICA is my country. It is just possible that my great-grandfather was an enemy of this country, but I do not bear his prejudices.

I am politically aware, but not particularly active. My conceptions of South African politics are not connected with party politics, but is concerned with economic, social and racial questions. Therefore I do not care who rules the country, as long as I may earn my living honestly, live in peace with my Afrikaans and Bantu neighbours and enjoy the lovely climate and beauty of my country.

There is a tendency nowadays, especially among academics, to allot some sort of a definite South African culture to us English-speakers. This confrontation is false and certainly artificial: for once, the English cultural heritage of South Africa cannot be connected to a homogenic cultural influx from Britain and elsewhere at a certain historic moment, and for another, English-speakers, for some reason or another, have never really been interested in cultural consolidation in South Africa. What we've always wanted, was harmony and peace.

◆ But this does not mean that we haven't a recognizable way of living of our own. I would say we have very much the same habits and principles as the Americans. ◆

Until recently, we had been able to seek harmony almost exclusively among ourselves because of the chauvinism of the Afrikaner. It seems however that Afrikaner ideas about nationality and even religion have changed considerably over a short period of time: at present I find it extremely easy to communicate with Afrikaners, because they seem to have put away their conservatism and are becoming increasingly willing to accept my standards. In the field of religion, they are equally becoming more lenient and sympathetic towards other groups. If one can believe the Sunday Press, it is even the policy of the present government (containing mostly Afrikaans-speaking members) to amalgamate English and Afrikaans speaking whites into a new nation.

Such a policy may well succeed, since I believe that the Afrikaner way of living has become easily comparable to our own (that is, more or less, to the American way) of life. Thus harmony and peace appears to be quite achievable within the next few years, provided that nobody expects from us English speakers a major adaption. But in the light of what is happening to Afrikaner "culture", I don't believe that anybody will.

# KLEURBAADJIEKWESSIE

## - Kleurkomitee verduidelik

**AAN WATTER VEREISTES moet ek voldoen om geregtig op 'n Puk-kleurbaadjie te wees? Dit is 'n vraag wat by menige student; eerstejaars sowel as ouhere en -dames, opkom. Die voorsitter van die kleurekomitee van die Studenteraad, mnr. Arie Geertsema, verduidelik soos volg:**

- 'n Student moet **akademies** in sy tweedejaar wees. (Die aptekers wat prakties doen, moet bewys dat hulle by 'n erkende apteker werk).
- 'n Student moét die Studentehandboekeksamen (Bros) geslaag het. Sonder hierdie eksamen kan jy **nie** 'n baadjie of stemreg kry nie.
- 'n Student moet die vereiste minimum kleurpunt van 50% behaal. (Buitemuurse studente word egter uitgesluit by die kleurpunt, dog moet nogtans die eksamen skryf). Persone wie se kleurpunt onvoldoende is, of geen kleurpunt verwerf het nie, mag in hulle derdejaar kleure kry, mits hulle Bros geslaag het.

### ONDUIDELIKHEID

Die onduidelikheid omtrent die verwerwing van kleure hang baie nou saam met die verwerwing van die kleurpunt. Die kleurpunt van studente wat in 1968 verwerf het, is saamgestel op die volgende basis:

Stemreg vir P.N.B.; Korps; A.B.K.K. en vir S.S.B. — 20% elk.

'n Verdere punt word toegeken vir die Pukkieverkope op dié basis:

50 Pukkies — 10%; 60 Pukkies — 20%; 100 Pukkies — 25% en 200 Pukkies — 30%.

Die doel van hierdie kleurpunt is om die student aktief te laat deelneem aan die studente-aktiwiteite en studentelewe, sodat hy of sy 'n ware Puk kan wees.

Vanjaar se kleurpunt kan soos volg opgebou word:

Korps — 20% (50% bywoning van vergaderings); P.N.B. — 20% (50% bywoning van vergaderings); S.S.B. — 20% (Sportklub lidmaatskap) en A.B.K.K. — 20% (aktiewe deelname vir/aan een onderliggaam); Pukkies verkoop: 50 — 5%; 60 — 10%; bonus: 200 — 15%; karnavalkollekte: R15 — 5%; R25 — 10% en bonus: R60 — 15%. Dít gee 'n totaal van 100% (of met bonus 110%), waaruit 50% behaal moét word.

### PRYSE

Die S.R. loof 'n prys uit aan die senior- en eerstejaarstudent wat onderskeidelik die hoogste punte behaal in die Maart-Broseksamen. Dit beslaan die helfte van die Pukbaadjiekoopprys.

Wat baadjies vir seniors betref: as gevolg van die nuwe bepalings vir die verwerwing van kleurpunt beteken dit dat persone wat alreeds Bros geskryf het, maar weens onvoldoende kleurpunt nie 'n baadjie kon kry nie, wél nou hul kleurpunt kan aanvul deur middel van Pukkie-verkope en kollektelyste. Hierdie kollektelyste is beskikbaar vóór die April-vakansie, en kan gedurende die vakansie afgehandel word.

## A.S.B.-Hoofbestuur hier

DIE A.S.B.-Hoofbestuur lê hierdie week besoek af by die Noordelike sentra. Vanaf Donderdag, 20 Maart tot Saterdagmiddag sal die Hoofbestuur besoeke bring aan die plaaslike kampus en aan die Onderwyserskollege.

Donderdagaand is 'n massavergadering by Pote gehou. Van Vrydagmiddag af sal daar gesamentlik vergaderings wees van die Hoofbestuur en die Puk-Studenteraad.

## Karnaval:

# MASSAKAMPVUUR EN JOLIGE KERMIS

**„DIE PUK gaan vanjaar 'n ware feeskarnaval hou", het Kobus du Plessis, voorsitter van die Karnavalkomitee, in 'n onderhoud met Die Wapad gesê.**

Die beoogde program begin met 'n filmpremière in die plaaslike teater. Op 30 April 1969 word ligte vermaak verskaf deur professionele kunstenaars. Die tweede konsertaand word aangebied deur Pukkunstenaars. Tydens hierdie geleentheid sal die S.A.U.K. opnames maak vir 'n inter-universitêre musiekkompetisie vir Ateljee '69.

'n Jolige kermis met stalletjies, verversings en vermaak word op 2 Mei 1969, in die vooruitsig gestel. Op-en-wakker musiek sal 'n karnavalatmosfeer skep. Die vlotoptog, waarvan die tema „Wêreld-gebeure" is, sal die Saterdagoggend van af die kampus deur die dorp beweeg.

Die hoogtepunt van die karnaval sal 'n massakampvuur wees. Daar sal saam geëet, gedrink en gesing word. 'n Program van ligte items sal ook aangebied word.

## J.V.'s hou leierskursus

DIE Jongeliedeverenigings van die Puk, dié van die afdeling Goeie Hoop tesame met dié van die Klerksdorp-, Stilfontein- en Vaalhartsafdelings het op 14 en 15 Maart 'n leierskursus in bestuurstegnieke in die Noordbrug-kerksaal, Potchefstroom bygewoon onder leiding van mnr. Roelf du Preez.

# *Studenteraad hou simposium*

**IN 'N ONDERHOUD met mnr. Callie Coetzee, S.R.-voorsitter, het hy bekend gemaak dat die Studenteraad as deel van sy eeufeesaksies, 'n simposium gaan hou met die studenterade van ander universiteite. Die sentrale tema van hierdie simposium sal wees: Die Afrikanerjeug — vandag en in die toekoms.**

Hierdie tema sal bespreek word na aanleiding van die volgende onderwerpe:

- Die Afrikanerjeug ten opsigte van sy kerk — prof. W. J. Snyman.
- Die Afrikanerjeug ten opsigte van sy volk — prof. W. J. de Klerk.
- Die Afrikanerjeug ten opsigte van sy taal en kultuur — prof. P. D. van der Walt.
- Die Afrikanerjeug ten opsigte van sy beroepslewe — mnr. P. Hoogendyk.

Die simposium word beplan vir 2 en 3 Mei en val dus gedeeltelik saam met die karnaval. Op hierdie manier sal die besoekende S.R.-lede die geleentheid kry om die Puk se karnaval by te woon.

Tot dusver het die S.R. van die Universiteit Port Elizabeth laat weet dat hulle twaalf persone afgevaardig het om die simposium by te woon. Daar word beplan om die referate in die vorm van 'n publikasie beskikbaar te stel.

Volgens mnr. Coetzee wil die plaaslike studenteraad op hierdie manier nie net die ander universiteite betrek by die Puk se eeufeesvierings nie, maar ook poog om deur middel van die besprekings iets positiefs te bied aan die Afrikanerjeug.

- Die mees effektiewe manier om die eetsaal buite werking te stel, is om die vleismeul te steel.

# KOMMUNIKASIE

**KOMMUNIKASIE het ten doel om mee te deel, te onderrig en selfs te indoktrineer, het mnr. G. N. van den Bergh op 'n vergadering van Virus gesê toe hy die onderwerp, kommunikasie — vriend of vyand?, behandel het.**

Mnr. Van den Bergh het gesê dat kommunikasie steeds sy oorsprong by die mens het, en dus nooit ten volle objektief is nie. „Indoktrinasie of oorreding is veral 'n oogmerk wanneer met kontensieuse onderwerpe gehandel word," het hy gesê.

„Daar moet veral daarteen gewaak word om nie die dekodering van die kommunikasie, wat die opsteller daarvan aan die hand doen, sonder meer te aanvaar nie.

„Kommunikasie as sodanig kan nooit 'n vyand wees nie, want dit verbreed ons kennis. As daar dus sprake is van vyandigheid, is dit gesetel in die dekordeerder," het mnr. Van den Bergh gesê.

## SKYNHOF

'n SAAMTREK van regstudente vind Vrydag en Saterdag op die P.U.-kampus plaas onder beskerming van die A.S.B.

Naas 'n skynhof word ook klem gelê op akademiese problematiek en sosiale samesyn. Regstudente van verskeie kampusse word in Potchefstroom verwag vir die geleentheid.

# DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

**DIE jaar gaan driftig voort — die dinge is nóú rêrig aan die gang. Dit vergader en benader; dit konkludeer en suggereer. Ons Puk is aan die brand, nè? Party moet selfs tyd afknyp om te slaap. Maar so hoort dit — ons moet besig wees om fris te bly, ons moet fris wees om besig te bly . . . 'n sleep te kry voor Intervarsity.**

Hoeveel slepe hou nog sedert die eerstejaarsdinee? Ek het mos gesê, haastige hond verbrand sy mond. Nie net ten opsigte van sleep nie, maar oral waar studente is. Ook van studente. Stadig oor die klippe, 'n mens brand uit! Een mond het jy en twee oë; sien en hoor jy egter party dinge, moet jy die teenoorgestelde glo. Dit rebelleer en filosofeer oor alles en nog wat. Is dit nie oor B B-politiek, dan oor daai Helga-fliek. Nie dat jy nie moet praat nie, hoor! Maar eers dink. Jou mening dra meer gewig as wat jy vermoed.

Nie dat jy altyd iemand anders se gewig moet help dra nie, veral nie in die strate nie: „koeksisterslepery" noem party dit. Dis lekker, ek weet, maar het julle al gesien hoe lyk julle? En nie net julle nie.

◆ Waarheen moet 'n man dees-
◆ dae kyk as die mini-brigade
◆ op hul fietsies die straat af
◆ kom? Soos wat die lengte van
◆ party manskortbroeke net nie
◆ kàn afkom nie — nader na die
◆ knieë toe, bedoel ek.

Het jy die interfakultêre lesings bygewoon? Ja, ek besef dat party van ons al ietwat te volwasse is vir die tipe kennis wat daar beskikbaar gestel word.

Ek 't darem al 'n graad, en jy? Geluk aan almal wat daar teenwoordig was.

Dit sal darem lekker wees om lekker fees te vier hierdie jaar. Dit lyk my dié tipe geleentheid vind net elke honderd jaar plaas. Nogal 'n lang tyd — dit lyk my al hoe meer die moeite werd om dit te gedenk. Maar dan sal ons dit vanjáár moet doen.

Om die Intervarsity weer te verloor, sal nie 'n skande wees nie, maar ai, dit sal darem lekker wees om weer 'n slag te wen. My kamermaat het gisteraand opgehou rook en vanmiddag begin ons oefen.

Dit gaan 'n lekker jaar wees. Dit weet ek noual. Alles gaan lewendig voort. Dis lekker om student te wees hier op die Puk. Net sorg dat jy nie weer pluk soos verlede jaar nie.

Tot volgende week dan. Ek gaan nou swot.

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420
POTCHEFSTROOM
Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van
Jongste Plaat-opnames
*Kom besigtig ons groot reeks*

A. VORSTER APTEEK
Octron-gebou
Lombardstraat
VIR VINNIGE AFLEWERING
SKAKEL 7074

SKOEN- EN FIETSREPARASIES
★ EN FLINKE DIENS
★ VIR ALLE STUDENTE BENODIGDHEDE
HUIS EN TUIN
(Langs Volkskas op die Bult)
★ ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra BAKKERY
ook te kry by u kafeteria

# Wat het geword van ons Universiteitskoor?

**DAAR WORD gedurig geredeneer en gepraat oor die agterstand wat „hierdie universiteit by daardie universiteit" toon, hetsy op kulturele, akademiese of sosiale vlak. As dit by 'n universiteitskoor kom, moet ons Pukke ons koppe baie laag laat hang, want hier het ons 'n geweldige agterstand om in te haal.**

Soos sake op die oomblik lyk, lyk dit nie juis of daar veel gedoen word om die agterstand in te haal nie, want stilswye heers. 'n Paar pogings is al in die verlede aangewend om 'n koor op die been te bring, maar 1969 het nog niks in die verband na vore gebring nie. Waar lê die fout? Om te sê dat die potensiële stemme ontbreek, is weerlê deur Alabama se skitterende sukses.

Miskien wek die ligter musiek, wat in Alabama se programme aangebied word, eerder die belangstelling van die studente as die sang wat deur die universiteitskoor aangebied sou word. Om nie eens te praat van hulle interessante toerprogram nie.

Die Wapad het gaan gesels met 'n paar van die ou universiteitskoorlede. Hulle sê prontuit dat as die program meer interessant was, die koor nie sou doodgeloop het nie. Volgens hulle is dit nie lekker om aand na aand te staan en oefen aan ou Latynse gewyde „liedere" nie.

Mnr. A. van Namen, wat nog elke keer die afrigting van die koor waargeneem het, sê egter dat die koor se program nie net uit ernstige werke sou bestaan het nie, maar dat hy wel ligte nommertjies ook ingesluit het.

Volgens hom is die vernaamste rede vir die doodloop van die koor die feit dat die studente nie bereid was om gereeld te kom oefen nie.

## * VIR DIE DAMES *

**Interessante** gordyne en dekens na jou eie smaak, fleurige kussings en vloermatjies — dit alles help altyd om jou stempel af te druk op die onpersoonlike funksionaliteit van 'n koshuiskamer. Sulke weelde is ongelukkig nie binne almal se bereik nie. Tog kan 'n mens met min geld en baie verbeelding veel doen om jou duiwehokkie van die ander s'n te onderskei.

Begin by die mure: dit maak nie saak as jy nie 'n kunstenaar is nie, wees gerus na hartelus absurd (om jou gebrek aan talent weg te steek) en teken self prentjies om op te hang. Skoenwitsel, stukkies materiaal, blomme wat jy self maak en droë grassade vrá behoorlik om die een of ander skepping te word.

Blomme is skaars. Potplante is altyd 'n oplossing, maar hoekom nie affodille of ranonkels in potte plant nie? Dit lyk regtig feestelik wanneer dit blom.

Die snippermandjie is 'n vaal kol in die kamer. Versnipper tydskrifte en maak lasprentjies om daarop te plak. En as jy nog yweriger is, beplak sommer die koffieblik en die blik met beskuit ook.

Dit is nou wel nie raadsaam om foto's van jou atletiekbekers oral in die kamer uit te stal nie, maar laat jou kamer sommer met die intrap vertel in watter rigting jou belangstellings lê. En as dit jou vreugde verskaf om al jou mooi goed so te sit waar jy dit heeldag kan sien, doen dit gerus — al lyk die kamer later soos 'n Slamaaierwinkel. Dit is op slot van sake jy wat daarin bly!

An en San.

## Sjampanje se skuld

DIT is alles die sjampanje se skuld: die sjampanje wat met 'n heerlike tinteling deur die stuk vloei en selfs die gehoor effens ligghoofdig maak. Truk se opera-geselskap het werklik verlede week 'n sprankelende vertoning van Die Fledermaus gelewer. Die spel, wat dikwels ten gunste van die sang verwaarloos word, was hierdie keer verrassend goed. Die goeie gelaatspel was ook opvallend.

Rita Robberts, in die rol van Adéle, het 'n uitstaande vertolking gelewer. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan haar meerdere ondervinding oorsee.

Die grootste beswaar moet, soos gewoonlik, weer teen die saal ingebring word. 'n Mens het al verleer om oor die swak uitsig te kla, maar die saal is ongeskik vir hierdie tipe uitvoering. Die orkes — wat nie nòg sagter kon speel nie — het weens 'n gebrek aan 'n put, die sangers heeltemal oorheers. Dit het weer daartoe gelei dat die sangers hul stemme moes forseer. Die meeste onsuiwerhede kan daaraan toegeskryf word.

U HOEF NIE, MAAR U KAN BETER KOOP BY UNIEWINKELS

Uniewinkels

VERSKAFFERS VAN P.U.-KLEURE

## Ontmoet...



(Foto: Fotokuns)

*MONICA BREED, 'n oud-Puk en doyen van die radiovroue in Suid-Afrika, wie aan die einde van 1968 tot die eerste volwaardige klankargivaris van die S.A.U.K. bevorder is*

*Die argiefdienste wat vroeër onder leiding van Thys van Lille, voormalige hoof van die Afrikaanse diens, gestaan het, is onlangs tot selfstandige diens uitgebou. Sy beskou haar taak as 'n besondere uitdaging en sê self daarvan: „Ek dink oor die klankargief soos 'n boervrou oor haar spens. Dis hier waar allerhande lekkernye gebêre word waaraan 'n mens later smul".*

*In die goed geventileerde lokale waarin die kosbare band- en plaatopnames bewaar word, is Monica volkome tuis. Aan die P.U. het sy in die geskiedenis studeer en haar ideaal is dus om die verlede steeds te laat herleef. „Ek sê altyd die klankargief moet nie gesien word as 'n dooie tuintjie van herinneringe nie, maar om skielik 'n stem uit 1926 met jou te hoor praat — dit vát half aan 'n mens!", sê sy filosofies.*

*Op haar ontdekkingsreise deur die ou materiaal het sy al afgekom op toesprake van genl. J. B. M. Hertzog en genl. Jan Smuts, ooggetuies se vertellings van die slag van Magersfontein, Sir Pierre van Ryneveld en Sir Quintin Brand wat vertel van die eerste vliegrit tussen Engeland en Suid-Afrika, en 'n radiodebat uit 1946, waaraan manne soos Uys Krige, A. M. van Schoor, C. Louis Leipoldt, Willem van Heerden en prof. Arthur Bleksley deelgeneem het.*

*In die S.A.U.K.-bulletin van 29 Julie 1968 word Monica Breed deur Pieter van Vuuren beskryf as „wyd belese en berese". Van April 1962 tot September 1968 was sy hoof van die dramadepartement en behalwe haar leeswerk op die gebied van drama, gee sy voorkeur aan reisverhale, biografieë en veral werke oor argeologie. In 1965 het Monica Breed haar vierde besoek aan Europa gebring en gedurende dieselfde jaar het sy ook die V.S.A. deurreis, „van New York in die Ooste tot by San Francisco in die Weste, Chicago in die Noorde en New Orleans in die Suide".*

*In Mei 1967 was Monica die gas van die Suid-Afrikaanse Lugdiens met die inwydingsvlug van die*

* Vervolg op bladsy 7

## *Vol beursies vir skrywers*

**DIE SKRYWERS en die skrywendes, die digters en die digterlike geeste kan solank begin om hul metafore blink te vryf, hul intriges op te kook en probeer om die lewe tussen heffinge, hoofletters en punte vas te vang.**

Die dekade van sestig gaan met die klank van trompette afgesluit word en as deel daarvan word aanloklike pryse uitgeloof vir bekroonde werke. Tafelberg-Uitgewers het 'n bedrag van R5,000 hiervoor bewillig Skrywers van verdienstelike werke wat die Uitgewers vóór 28 Februarie 1970 bereik, kan 'n toekenning van minstens R1,000 ontvang. Alle prosagenres, dramas, eenbedrywe en nie-verhalende werke wat tòg skeppend van aard is, sal vir hierdie pryse in aanmerking kom.

Pretoria se Skrywerskring gaan 'n bundel spookstories publiseer en wil graag van die Puk ook verneem. En ons het mos 'n geestelike tradisie; die Vrou van die Biblioteek, om nou maar een te noem . . .

- Hertzog-prys-gerugte is ook
- weer in omloop. Breytenbach
- sal nie hierdie jaar boenks en
- mankmannetjies opjaag nie;
- die letterkunde-aasvoëls hoop
- dus verniet op 'n nuwe hekse-
- jag. Ons eie prof. P. D. van der
- Walt is lid van die keurkomi-
- tee.

Nog steeds by die bonatuurlike: Chris Barnard se Duiwel in die Bos het die C.N.A.-prys vir die tweede keer aan hom besorg.

## Florna 1

FLORNA is vanjaar aan die brand en beplan vanaf die staanspoor ten minste vier algemene kampe en nie minder skaatsbaanuitstappies, terwyl die afsonderlike klubs ook nog klubkampe en uitstappies in die vooruitsig stel.

'n Toer na die Drakensberge sal ook gereël word. Die bestuur beplan tans 'n kamp vir die naweek van 21 Maart langs die oewers van die Vaalrivier.



## Gé in nuwe rolprent

DIE twee miljoen mense wat „Hoor my lied" gesien het, was so gretig om nog van Gé te sien, dat Kavalier-films 'n nuwe rolprent, waarin Gé die hoofrol speel, aangekondig het.

Sy steeds stywer wordende bankbalans het Gé te danke aan honderd-en-tien populêre uitvoerings, die hoofrol in sestig opera-uitvoerings en vyf-en-tagtig persoonlike optredes — dit alles binne een jaar! Daarby het hy ook pas sy dertiende langspeelplaat (Mag die Heer u seën) vrygestel.

'n Sanggroep wat hulle tuismaak op die treffersparades van die wêreld, is die Suid-Afrikaanse popgroep, die „Four Jacks and a Jill". Die Cobacabana in New York, 'n klub waar net kunstenaars van formaat optree, is hul volgende afklimplek. Die groep het inderdaad ver gevorder sedert Master Jack, hul eerste opname.

Groep Twee bestaan nog, maar het nou „Twee Groepe" geword.

# *Perkamentpraatjies*

## So bespeel 'n mens die flottina

MET SNARESPEL, siter en tamboeryn. Só moet digters se werke deur mense belewe word.

Gedurende April word 'n huldigingsaand vir Boerneef deur die Potchefstroomse Afrikaanse Kultuurraad aangebied. Bevoegdes sal nie aspekte van sy werk ontleed en weer lomp saambondel nie, maar voordragkunstenaars — die dramadepartement van die Puk — sal die hulde aan 'n kunstenaar bring deur vertolkings van sy gedigte.

In hierdie jaar van herdenkings, terugblikke en huldebetonings sal dit goed en reg wees om aan die digters wat so nóú met die Universiteit verbonde was, op hierdie wyse te dink.

Skrywerskring het ook hier die toon aangegee toe hulle verlede jaar, pas nadat die Hertzogprys aan Boerneef toegeken is, 'n hele aand daaraan gewy het om sy gedigte te lees — bloot op die oor af.

Die aand wat op dergelike wyse met Breytenbach se poësie deurgebring is, het baie lede gebring tot die herkenning van die gevoelige digter wat die aaklige met die aaklige wil besweer.

Sulke aande van her-bewuswording van poësie is dwingend nodig. Met elke gedig pleit die digter opnuut om deur die leser te leef, en die digter kan alleen deur hom leef wanneer sy gedigte vir ons die elke dag se werklikheid geword het — nie 'n skraal bundeltjie geslote woorde op die boekrak nie.

En andersom: met elke aanslag wat ons deur die gedigte op die onuitspreekbare doen, verklank ons deel van ons menswees; kan die digter nog vonk slaan uit die vuurklip van wat ons is. J.C

## Maatskaplike werk in kalklig

'n SIMPOSIUM oor maatskaplike werk, wat in drie sessies sal plaas vind en deel uitmaak van die Universiteit se eeufeesvierings, word op 27 Maart aangebied.

Met die geleentheid sal prof. W. J. de Klerk die rede voer oor die noodsaaklikheid van 'n lewens-, wêreld- en mensbeskouing by die beoefening van 'n wetenskap; prof. D. J. Eloff oor die Christelike mensbeskouing in die praktyk van die maatskaplike werk, en mnr. T. J. Strating oor psigiatriese maatskaplike werk in ons moderne samelewing.

Nog 'n spreker is prof. A. Strating. Hy sal die spanbenadering in die moderne maatskaplike werk bespreek.

# DRIE PUK-DOSENTE SLAAG MET ONDERSKEIDING

**DRIE Puk-dosente het gevorderde grade met onderskeiding verwerf, volgens die nagraadse uitslae wat Dinsdag deur die Senaat bekend gemaak is.**

Hulle is mnre. P. J. J. Jansen van Veuren, M. A. (Wysbegeerte), J. J. van Tonder, M.A. (Staatsleer) en P. C. Schutte, Honns. B.Comm. Onder die suksesvolle kandidate is vyf wat doktorsgrade behaal.

Die volledige uitslae is soos volg:

**Fakulteit Lettere en Wysbegeerte:**

H. W. Simpson. Honns. B.A. (Latyn); P. de Klerk. M.A. (Geskiedenis); P. J. J. Janse van Veuren. M.A. (Wysbegeerte) (met onderskeiding); H. van der Wateren. M.A. (Volkekunde); J. J. van Tonder. M.A. (Staatsleer) (met onderskeiding); T. Botha. D.Litt.; J. J. Henning. D. Phil.; G. J. Pienaar. D.-Phil.; A. A. F. Teurlinckx. D.Phil.

**Fakulteit Natuurwetenskappe:**

G. Groothof. Honns. B Sc. (Dieetkunde); A. C. Dreyer. Honns. B.Sc. (Farm.); H. Visage. Honns. B.Sc. (Industriële Chemie); H. S. Steyn. M.Sc. (Statistiek); J. D. van der Walt. M.Sc (Biochemie); F. A. Venter. M.Sc. (Fisika).

**Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe:**

P. V. Duvenage. Honns. B.Comm., S.T.R.; P. C. Schutte. Honns. B.-Comm. (met onderskeiding); H. J. Weber. D.Comm.

**Fakulteit Regte:**

W. E. Scott. Ll.B.

# Koers ondergaan 'n gedaante-wisseling

„MET hierdie uitgawe van KOERS betree ons 'n nuwe bedeling". So skryf prof. W. N. Coetzee, redakteur van KOERS, in die Februarie-uitgawe. „Etlike jare lank het KOERS, volgens ooreenkoms met die P.U. vir C.H.O., amptelike en semi-amptelike stukke van die Universiteit gepubliseer in ruil vir finansiële ondersteuning". Die lede van KOERS was dit egter eens dat die amptelike stukke baie van die blad se soepelheid verlore laat gaan het. Daarom is daar teen die einde van verlede jaar besluit om Koers los te maak hiervan. Enkele semi-amptelike stukke soos bv. interfakultêre lesings sal egter nog hul plek in KOERS kry.

In die jongste uitgawe van KOERS kan 'n mens al dadelik die gedaanteverwisseling opmerk. Die artikels is almal van hoogstaande gehalte: daar is onder andere artikels wat handel oor die implikasies van die wet op die nasionale onderwysbeleid en een deur dr. E. J. Smit oor Psalm 151.

# Baie skryf Bros

'n GROOT aantal studente — altesaam 433 — het vanjaar die Studentehandboekeksamen op 15 Maart afgelê.

Volgens die Studentehandboekkomitee wou dit voorkom of die studente goed voorbereid was. Die vraestel was so saamgestel dat die kandidate se kennis aangaande Puk-gebeurtenisse getoets is. Kortvrae was aan die orde van die dag.

# TWEEDE KRIEKETSPAN KAN LIGA WEN

Die tweede krieketspan van die Puk is in 'n baie gunstige posisie om eerskomende Saterdag 'n voluit oorwinning teen Sentraal-Westelike Koöperasie van Klerksdorp te behaal en daarmee die tweede liga in Wes-Transvaal te buit.

Die Puk het verlede Saterdag 150 lopies aangeteken in sy eerste beurt en Koöperasie het sover daarop geantwoord met 25 lopies vir 3 paaltjies. Die Puk-uitblinker was weer eens Leon de Bruin met 37 lopies, terwyl Eugene Kruger met 24 n.u.n. en Lionel White met 21 lopies ook goed presteer het. Fantie Loots en Jan Opperman het die beurt stewig begin. In Koöperasie se beurt het Lionel White sommer gou 'n deurbraak gemaak en 3 paaltjies platgetrek en slegs 7 lopies afgestaan in 6 boulbeurte.

# Die Puk se Doemeldoedies

Nagtelike serenades lei tot verhoogoptredes en verhoogoptredes lei tot... nee, Rina en Andriette wou niks uitlap nie... Verdere planne, nee...? Na die Doemeldies se teleurstellende verskyning op die Puk is ons trots op die vertoning van ons eie neurienooiens op die seniorkonsert.

Hulle sing ligte Afrikaanse en Engelse liedjies wat enige Puk laat huis toe verlang. Hulle het hul veral onderskei as vertolksters van die oorspronklike skepping van Johan van Rensburg, wat moontlik nog 'n trefferliedjie gaan word hier op die kampus en buite ons grense.

Andriette Olivier, vierde-, en Rina Hugo, derdejaar B-Mus.-student, het aan die einde van verlede jaar begin saamsing en later met die hulp en begeleiding van Johan, het hulle begin „sêr".

Die seniorkonsert was hulle eerste openbare optrede en hulle is met warm harte ontvang. Ons sal graag nog baie van hulle wil hoor!

# ◄LUDI SPECIES►

DEUR VENATOR

Dagsê Sportmanne —

Die rugby-seisoen het blykbaar begin. In die eerste proefwedstryde het die spanne nogal goed teen mekaar opgeweeg en die stryd het redelik gelykop verloop. Maar dit moet nie vir ons as maatstaf dien nie... almal was onfiks, en die ware krag van die onderskeie spanne sal eers gesien kan word wanneer die spelers fiks is. Dit is jammer dat proewe gehou moet word terwyl die spelers nog onfiks is. Of die keurders veel wys kon word uit Saterdag se „stapwedstryde", weet ek nie.

Alles gaan ook nie altyd voor die wind op die sportfront nie. Ek wil graag aan die hand van 'n voorbeeld verduidelik: 'n sekere Puk-atleet word gekies om Wes-Transvaal te verteenwoordig op die driehoekige atletiekbyeenkoms tussen Wes-, Noord- en Suid-Transvaal Goed en wel. Net daarna, op die Puk-atletiekkampioenskappe, is die atleet se afstand in die spiesgooi 132 vt. Hy word egter geklop deur 'n ander Puk-atleet wat 'n afstand van 168 vt. gooi. Nogal 'n redelike verskil né. Dieselfde atleet wat Wes-Transvaal verteenwoordig het, word egter gekies om Puk te verteenwoordig teen Pote, terwyl van die ander atleet nie eers melding eers gemaak word nie. Die Puk-atleet kry toe op die byeenkoms nie eers 'n plek nie, terwyl die wenafstand maar 152 vt. is — 16 vt. minder as wat 'n ander Puk-atleet kan gooi. Nou wonder ek maar net of die tyd nie ryp geword het dat daar meer na resultate as na name gekyk word nie?

Geluk egter aan die organiseerders van die koshuisatletiek-liga met die poging wat hulle aangewend het. Daar is egter 'n paar goed wat krap, soos byvoorbeeld die aflos wat nou die dag plaasgevind het sonder dat 'n paar spanne daarvan geweet het. Sports!

# VERSKEIE VOLKSPELELAERS BY P.U.-SAAMTREK

**„'N GROOT FEESTELIKE joligheid" — dit is wat op Saterdagaand 15 Maart in die Totiussaal plaasgevind het. Van Stellenbosch tot Marble Hall in die Noorde het hulle gekom om saam met die Pukke die Universiteit se honderdjarige bestaan te gedenk.**

Die P.U.-Volkspelelaer het vanjaar sy feesvieringsaksies ingelei met die aanbieding van 'n groot volkspelesaamtrek. Twee-en twintig anderlaers was teenwoordig.

Die saamtrek was gekenmerk deur 'n besonder opgeruimde stemming. Dit kon ook nie anders nie want van die driehonderd volkspelers teenwoordig, was sowat honderd-en-twintig studente, waaronder 46 Kovsies, veertig Gokkies en een Matie.

Die spelleiding is deur vier verskillende persone waargeneem. 'n Sangbundeltjie met 'n kort toeligtingstuk oor die P.U. vir C.H.O. en sy geskiedenis is onder die aanwesiges versprei.

Die doel van die saamtrek was in die eerste plek om aan mense van buite die geleentheid te gee om aan die P.U. se eeufeesviering op 'n gesellige manier deel te hê, asook om fondse in te samel vir die P.U.-Volkspelelaer se volgende feesaksie — 'n volkspeletoer deur Wes-Transvaal en Noord-Kaapland.

# Na S.A. Spele

**Netbal**

Hoewel netbal in Wes-Transvaal nog in sy kinderskoene is, het dit reeds diep spore getrap. In 1966 het die Pukke begin netbal speel en sedertdien was daar gereeld 'n paar Pukke in die Wes-Transvaalse span.

Twee Pukke het al reeds in hierdie seisoen gewys waartoe hulle in staat is. Ria de Klerk en Carene Lubbe is gekies om op 22 Maart aan die S.A. Spele te gaan deelneem.

# Korfbal-brokkies

DIE Wes-Transvaalse Korfbal Subunie hou op 22 Maart 'n skeidsregterskursus op Klerksdorp. Elke klub moet ten minste twee lede stuur, maar die getal inskrywings is onbeperk.


# PARADISE RESTAURANT

- Dié kafee op Die Bult . . .
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

Tomstraat 86 Tel. 5474


# OUD-PUK BLINK UIT

**'N OUD-STUDENT van die Universiteit, mej. J. W. du Toit, is aangestel as assistent-navorsingsbeampte by die Mikrologiese afdeling van die Nasionale Voedselnavorsingsinstituut van die W.N.N.R. in Pretoria.**

Mej. Du Toit het in 1964 die B.Sc.-graad met plantkunde en dierkunde as hoofvakke behaal. Haar honneurs-studie in plantkunde het sy in 1965 met onderskeiding voltooi en in 1966 verwerf sy die M.Sc.-graad.

Sedertdien het mej. Du Toit deelgeneem aan 'n navorsingsprojek oor grondfungi in samewerking met soetdoringboomgemeenskap in die distrik Potchefstroom, onder leiding van prof. M. C. Papendorf in die mikrologiese afdeling van die Universiteit.

Mej. Du Toit was ook medewerker aan verskeie publikasies in internasionale tydskrifte oor nuwe genera en species wat ontdek is.

MONICA BREED

★ Vervolg van bladsy 6

*stratostralerdiens tussen Johannesburg en Australië.*

*Sedert 10 Januarie kan Monica Breed se nuwe program, Die Verlede Praat, elke Vrydagaand ná radioteater oor die Afrikaanse diens gehoor word. Hierdie reeks is 'n daadwerklike poging om „Suid-Afrika se geskiedenis in klank" op 'n unieke wyse te laat herleef.*


# Cachet Modes (EDMS.) BPK.

**Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom**

**ONS HOU ALLES AAN WAT DAMES BENODIG**

★ ***Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal***

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

★ **BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING**

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ **PLATE**

by

# PRO REGE-PERS BEPERK

**„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"**

**Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.**

# KRIEKETMANNE OP DREEF

**DIE eerste krieketspan van die Puk het die vorige twee Woensdae daarin geslaag om die span van Pote 'n ordentlike pak slae te gee deur hulle met 100 lopies op die eerste beurt te klop.**

Die Puk het eerste gekolf en 186 lopies aangeteken, waarvan Kadot van Heerden 41, Jos Coetzee 34, Lionel White 26, Anton Welman 24 en Gavin Webster 17 lopies behaal het. André Laas het met die goeie boulontleding van 6 vir 73 lopies afgesluit.

Die Pote was almal in hul eerste beurt uit vir slegs 86 lopies. Sias Willemse met 6 paaltjies vir 32 lopies in 23 boulbeurte het die verwoesting gesaai.

**Puk vs. Stewartby**

In sy wedstryd teen Stewartby was die eerste krieketspan van die Puk baie ongelukkig om nie 'n voluit oorwinning te behaal nie nadat Stewartby verplig was om op te volg. Die Puk het 224 vir 7 paaltjies beurt gesluit verklaar behaal in sy eerste beurt teenoor die slegs 94 lopies van Stewartby.

Vir die Puk het Gordon Holtmann met 68 en Jos Coetzee met 52 lopies die beste gevaar. Gerhard Posthumus het baie goed geboul om 4 paaltjies vir 51 lopies te neem.

In sy opvolgbeurt het Stewartby daarin geslaag om 143 lopies aan te teken en het die Puk die boulwerk van Jos Coetzee en Anton Welman baie gemis, terwyl hulle vir Wes-Transvaal teen Vrystaat moes speel.



(Foto: Fotokuns)

*Gordon Holtmann, ontvang hier die krieketkoshuisligabeker namens die wen-koshuis, Drakenstein, van Jan Kruger. Drakenstein het verlede Saterdag as die oorwinnaars uit die stryd getree ná hulle wedstryd teen Dorp. Die finale puntestand was soos volg: Drakenstein — 40; Dorp — 30; Kompleks — 26; Dawie Dup — 14 en Over de Voor — 9.*

# RUGBYSEISOEN BEGIN

**DIE rugbyseisoen het Saterdag in alle erns begin met proewe vir die samestelling van die Puk se drie ligaspanne.**

Die proewe het vanjaar 'n splinternuwe vorm aangeneem. Alle spelers is 'n kans gegun om vir hulle 'n plek oop te speel in een van die spanne wat die Universiteit gaan verteenwoordig. Die drie spanne wat uiteindelik deur die keurders gekies word, sal soos volg bekend staan: Die eerste span — THEOS, die tweede span — NAVY en die derde span — FIRES.

Spelers wat Saterdag beïndruk het was Piet Bruwer, Tian Coetzee en Ibert Joubert. Die senters is nog ietwat van 'n probleem. Fires van Vuuren sukkel nog met sy skouer. Andries du Plooy is 'n moontlikheid, asook George Wienand, Nols Reynecke en Ungerer. Ungerer sowel as Wienand, Chris Rautenbach en D. Saaiman is goeie losskakels, terwyl Nols Reynecke vir Henk Coetzee op skrumskakel kan vervang.

Die voorspelers is Kobus van der Walt of Ferdie Postma as hakers; Tiny van Eck en Hennie Coetzee as stutte en Piet Brand en Jan van Reenen of Bok Fourie as slotte. Die losvoorspelers kan uit die volgende gekies word: William Scott, Gawie Yssel, Kobus Venter, J. van Rensburg, B. Bernardo en Basjan Reynard.

## Presteer goed

Annelie Gildenhuys het in 'n byeenkoms in die Suide van Engeland saam met twee van haar spanmaats, Maria Koen en Meryl Hancock, eerste geëindig in die landloop met 'n goeie tyd van 14 minute 53 sek.

Annelie is op die oomblik saam met die Springbok-landloopspan in Engeland.



(Foto: Fotokuns)

*Nico van der Merwe, wie die Puk se aantal Springbokke opgeskuif het tot ses toe hy op die onlangse Suid-Afrikaanse Swemkampioenskappe aangewys is as lid van die Springbokspan wat in Julie vanjaar Europa toe gaan. Nico, 'n senior eerstejaarstudent in farmasie, was reeds drie keer reserwe vir die Springbokspan en het reeds vyf keer aan die S.A. Swemkampioenskappe deelgeneem. Sy afrigter is Bob Camble.*

# 15-JARIGE ATLEET VERGELYK GOED MET WÊRELDSTANDAARD

**OP DIE Wes-Transvaalse liga-atletiekbyeenkoms het Manie Haasbroek, 'n jong atleet van die Hoërskool Gimnasium, wat tans deur Jan Barnard afgerig word, die 800 meter in die uitstekende tyd van 1 min. 56.2 sek. afgelê.**

Die tyd vergelyk uitstekend met die tye van die wêreld se beste atlete in dié ouderdomsgroep.

Willie van der Westhuizen het 'n goeie tyd van 10.6 sek. oor die 100 meter behaal. Sy 200 meter van 21.4 sek. toon ook dat hy weer groot dinge in die mou voer. Sy beste tyd oor die 200 meter is 20.8 sek.

In die afwesigheid van Willie Coetzee, wat 'n ligte rugbybesering het, het Konki van der Walt die 110 meter hekkies gebuit in die tyd van 15.7 sek.

Die dames-skyfwerp, sowel as die gewigstoot vir dames is gewen deur Cecile Malan in die afstande van 145' 3½" en 36' 3½" onderskeidelik.

Cor Marx, wat lank met beserings gesukkel het, het weer eerste plek in die skyfwerp (103' ½") verower. Die ou veteraan moes tevrede wees met 'n tweede plek in die 1500 meter (3 min. 53.6 sek).

## Liberalia buit atletiek

LIBERALIA het verlede Vrydag met 'n sterk eindpoging daarin geslaag om die interkoshuisatletiekliga te buit. Deur op een middag 54 punte in te samel, het hulle daarin geslaag om die groot voorsprong wat Over de Voor die vorige twee weke opgebou het, uit te wis.

Die finale puntestand van spanne in die mansafdeling is soos volg:

Liberalia — 95.
Over de Voor — 93.
Makouvlei — 41.
Dorp — 17.
Kompleks — 13.

## Met dapper en stapper...

WIE gaan saam met die rooiwielwa..? Wie moet sorg dat hulle skoene nie te klein sal wees nie..? Wie gaan nà die April-vakansie waterblase hê..?

Jan Venter, Flip Buys, Bertie Pretorius en Hennie de Villiers is van plan om aan die Pondolandse kus 'n staptoer te onderneem (nee, geen asters saam nie, asseblief!).

Die manne gaan stap vanaf Koffiebaai tot by Port St. Johns. Dit is dieselfde roete wat verlede jaar deur vier regstudente gevolg is met hul „survival-trip".

Twee douens wat iets soortgelyks, maar met fietse, gedurende die langnaweek gaan aandurf, is Casper Krüger en Jocey Cunnif. Hulle gaan hul skrede na die Natalse Suidkus wend, waar hulle die Durbanse meisies op die strand sal trotseer (trakteer?).

# EEUFEES-ATLETIEKBYEENKOMS VOL BELOFTE

**DIE P.U.-Atletiekklub gedenk vanjaar die eeufees van die Universiteit by wyse van 'n eeufees-atletiekbyeenkoms wat op 29 Maart om 2.00 nm. op die Bill Swart-ovaal aangebied word.**

Die Wes-Duitse atletiekspan, wat aan die Suid-Afrikaanse Spele in Bloemfontein deelneem, asook ander oorsese atlete sal aan hierdie byeenkoms deelneem.

Op die program verskyn name soos Paul Nash, Sakkie van Zyl, Stan Wald en Willie van der Westhuizen vir die 100 meter. In die 400 meter sal die stryd wees tussen Johan Buys en Tokkie Peters. Klasie Brummer en Jankes sal weer in die 800 meter teen mekaar te staan kom. Dit behoort 'n interessante stryd te wees, aangesien die twee mekaar gereeld opkeil.

Die 1500 meter sal beslis word tussen manne soos Fanie van Zijl, George Müldner, L. de Lange en K. Keyser.

Ander bekende atlete wat aan die byeenkoms gaan deelneem is Solly van Antwerp, Willie Olivier, Willie Coetzee en David Langley. Ook name soos Peter Rich, Hans Rijk, R. Marchant, J. Somers, E. Böhmer en Peter Whittmer word genoem vir die byeenkoms.

Dit sal een van die aanskoulikste byeenkomste van die seisoen wees.


U kan u bande versool by...

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)


*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*


na aksie-
satisfaksie




vol-ja smaakvol